

26 Augustus

Skrifgedeelte: Jeremia 7:1-14

Fokusgedeelte: Jeremia 7:8, 12

Godsdien sonder God?

Juda was houtgerus. Egipte kon maar dreig; rowerbendes die grense oorsteek en moor en steel ... In Jerusalem was hulle, God se verbondsvolk, veilig. In die tempel staan die ark, simbool dat Hy onder hulle woon! Dus is hulle onaantasbaar. Die tempel was hulle veiligheid!

Maar Juda het hom vergis. Dit was alles leuens. God sou wel vir hulle 'n God wees. Maar dan moes hulle vir Hom 'n volk wees: gehoorsaam, toegewyd, heilig. So nie, sou Hy aan hulle tempel doen wat Hy aan Silo gedoen het. Weens hulle noordelike buurman, Israel, se ongehoorsaamheid, het God hulle heiligdom by Silo laat verwoes; die volk in ballingskap laat gaan.

Jeremia moet nou in 'n stadspoort waarsku: As hulle voortgaan met onreg teen vreemdelinge, weduwees en wese ... nie ophou met onskuldige bloedvergieting nie, aanhou afgode dien, gaan dieselfde lot hulle tref!

'n Dringende waarskuwing. Ook aan ons in 'n tyd van toenemende bedreigings. Is ons ook dalk besig met 'n inhoudlose godsdien? Skynbaar met die Here besig, maar eintlik draai alles dalk meer om onself as om God? Is Hy dalk besig om met ons ook die weg van Silo en Jerusalem te gaan?

Uit die verse hieronder blyk die genade van die Here. Maar dan moet ons geloof in die versoening van sonde deur ons Here Jesus Christus, ook blyk uit ons vlug vir die sonde, en dankbare gehoorsaamheid aan God.

Sing: Psalm 78 :12 en 13

Ds CJ Nagel (Messina)